# 20 Mei 2023 - Lesing 26 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

*Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

## Werksaam wees in liefde dui op 'n verandering van wese – 7/6/57

**NO: 6846** Julle almal moet net streef na 'n lewenswandel waarin **onbaatsugtige naasteliefde** tot uitdrukking kom. Julle almal sal nog baie foute moet aflê. Julle sal nog erg teen **julle selfsug** moet stry. Julle sal julself moet oorwin, afstand doen en offers bring **om julle medemens te hulp te kom in hul nood**.

Maar julle sal daardeur stap vir stap omhoog klim, want **slegs 'n lewe in liefde verseker julle van vooruitgang.** 'n Lewe in liefde beteken dus ook 'n verandering van julle wese. **Die verandering van eieliefde tot naasteliefde,** die omvorming tot die vroeëre geaardheid. Dit beteken die weg na vervolmaking. **Niks anders kan aan dieselfde doel beantwoord nie**. Niks anders as net 'n lewenswandel in liefde kan julle na julle bestemming bring nie. En julle het voortdurend geleentheid daarvoor, want die saamleef met mense verskaf aan julle sulke geleenthede waarin julle in dienende liefde werksaam kan wees.

**Julle sal altyd nood aantref** en julle medemens te hulp kan kom. Julle sal hulle deur **bemoedigende woorde, goeie raad en liefdevolle deelneming** kan bystaan en ook in hulle harte wederliefde opwek. En julle sal steeds in situasies beland waarin julle julle offervaardigheid sal kan toon, waarin julle die eieliefde laaste sal moet stel en meer aan die naaste dink, as julle julself wil hou aan die wil van God.

**En daardeur sal julle self opwaarts gaan**, want dan vervul julle julle taak op aarde, julle verander julle wese in liefde. Hierdie verandering is vir baie mense weliswaar moeilik en verg 'n sterk wil, en tog moet julle maar net 'n poging aanwend. **Julle moet net die ernstige wil daarvoor hê,** sodat julle aardse lewe nie tevergeefs geleef was nie, en dit sou steeds vir julle makliker gewees het om julle "ek" laaste te stel en vir die naaste te sorg. Want elke daad van liefde besorg krag aan julle en versterk julle wil. En spoedig sal dit vir julle geen offer meer wees nie, **maar julle sal in werke van liefde julle geluk vind,** omdat julle met elke daad van liefde nader aan God kom, Wie Self die Liefde is en omdat julle die toenadering tot God as geluksaligheid ervaar.

'n Mens wat in die liefde tot sy naaste uitgaan, sal in **stille tevredenheid en innerlike vrede** voortgaan. Hy sal geen aardse begeertes ken nie, **want hy sal ook hê wat hy nodig het**. Die liefde wat in hom is, sal ook **geen slegte gedagtes** in hom na bowe laat opkom nie. Hy sal met 'n **opgewekte gemoed** deur die aardse lewe gaan en hy oefen ook op sy omgewing 'n goeie invloed uit, want 'n liefdevolle mens is al naby aan sy doel, omdat hy die aaneensluiting met God gevind het deur die liefde. Maar dit is slegs in geringe mate duidelik vir die medemens, aan wie julle ook sonder enige dwang hierdie wesensverandering as doel moet stel. **Maar julle voorbeeld**, - die in daad omgesette leer van die liefde, - sal heelwat meer tot navolging aanspoor as wat net woorde in staat is.

Dit gaan in die aardse lewe altyd net oor hierdie verandering van wese, oor die omvorming tot liefde, oor die bestryding van die eieliefde en die opgaan in die sorg vir die medemens. Maar die werk waaraan die liefde ontbreek, volstaan nie**. Want die "werke" doen dit nie, maar slegs die liefde wat aan die werke ten grondslag moet lê.**

En 'n ware paradyslike lewe op aarde kan daarom slegs verwag word van 'n menslike geslag wat met liefde vir mekaar vervul is. En elke werk van liefde dra sy seën in homself. Dit het sy uitwerking op beide die naaste en ook op die mens self wat sy liefde skenk, terwyl al die denke en strewe, al die werksaam wees en skep geen waarde het, indien die liefde nie daaraan ten grondslag lê nie.

En dit is wat by die mense in die laaste tyd ontbreek, waaroor julle steeds onderrig moet word, maar wat julle by julself moet beproef, **om die seën van 'n onbaatsugtige liefde te ondervind**. Die mensdom het besonder sterk aan die eieliefde ten prooi geval. En dit beteken dieselfde as 'n stilstand of agteruitgang. Dit kan egter nooit 'n vooruitgang bring nie, waarom die liefde steeds weer gepredik moet word en ook as goeie voorbeeld vir die medemens voorgeleef moet word, **want sonder liefde kan geen mens tot voltooiing kom nie**. Amein.

## Die motivering vir God se openbaringe – 9/6/57

**NO: 6848** Aan alle mense wat na My luister wil Ek My openbaar as 'n God van Liefde, Wysheid en Almag. My openbaringe vra maar net **'n geopende hart**, 'n bereidwillige oor wat luister na My Stem as Ek dit laat weerklink. **My openbaringe sal ook steeds 'n bewys van My liefde wees**, want Ek spreek tot julle as 'n Vader tot sy kinders; vermanend, onderwysend, troostend en met 'n belofte van liefde.

Ek wil die harte van julle almal ontroer wat na My luister. Ek wil julle verbly met My aanspreking en julle iets gee wat julle sal help om opwaarts te gaan: **Lig en krag,** wat elke wese nodig het om nader aan My te kom, - daarom spreek Ek julle steeds weer aan.

Ek wil egter ook My Wese vir julle ontsluit. Ek wil hê **dat julle My sal herken as 'n God van Liefde, Wysheid en Almag**. En dat wanneer julle My herken het, in My ook julle Vader sal sien en dan as My kinders na My sal streef. Want as julle glo in My Liefde, Wysheid en Almag, dan sal julle julleself ook aan My oorgee in liefde en ootmoed en alle weerstand opgee wat julle nog geskei hou van My.

En daarom openbaar Ek Myself aan julle. Want julle almal moet weet dat julle God en Skepper julle in

grenslose liefde sou wil omvou, Wie egter geen weerstand duld nie. **En sodat julle weerstand gebreek kan word, spreek Ek julle aan, maar dwing julle nie om na My te luister nie.** My liefde sal julle bespeur sodra My Stem vir julle weerklink. Julle sal aangeraak word deur ‘n stroom van krag wat julle sal bewys dat dit Ek is Wie tot julle spreek. Hierdie kragstroom word egter dadelik minder in sy uitwerking as julle julleself steeds bly verset teen My, terwyl daarenteen die werking daarvan geleidelik sal toeneem as julle bereid is om My Woord aan te neem.

Ek wil aan almal lig bring wie hulle nog in geestelike duisternis bevind. Ek wil julle in so 'n toestand bring **dat die ligsfere julle kan opneem**. Dit is egter alleen moontlik as julle in geloof vir My besluit **om te werk in liefde.** As julle My egter kan liefhê, dan sal julle ook van binne af aangespoor word om werke van naasteliefde te verrig. En omdat julle leer om My lief te hê, openbaar Ek My aan julle.

Julle mense op aarde spreek wel oor ’n “God” wat julle vrees, as ‘n mag waaraan julle prysgegee is, wat julle kan vernietig of veroordeel, as julle tenminste nog glo.

Maar julle gee julle “God” nie die liefde wat Hy graag van julle sou wil ontvang nie. Ek wil egter slegs bemin word, omdat daar dan ‘n baie beter verhouding tot stand gebring word as wat vrees kan bewerkstellig.

Ek wil van julle liefde ontvang en probeer daarom ook onvermoeid om hierdie liefde te wen. Maar liefhê sal julle alleen ‘n wese Wie se volmaaktheid julle insien en van Wie se liefde, wysheid en mag julle oortuig is. **En as Ek Self tot julle kan spreek, dan sal julle spoedig tot die oortuiging kom dat My Liefde vir julle eindeloos is, My Wysheid onoortreflik en My Mag onbegrens is**. En dan sal julle julleself ook verlangend aan My oorgee om vir ewig met My te kan verenig.

En so sal My Woorde van liefde steeds weer vir julle weerklink en in julle hart probeer ingaan. En wie bereidwillig vir My oopmaak, die wil Ek met My aanspreking gelukkig maak en vir hom die deur na saligheid open. Want met My aanspreking bring Ek lig en sodra dit hom toestraal, sal alle duisternis van hom wyk. Hy sal My dan herken as die Lig van ewigheid, hy sal My dan ook liefhê met alle innigheid en hy sal dan ook by My bly tot in alle ewigheid. Amein.